**TULI**
**TULI CATTLE**

**BEESTELERSGENOOTSKAP VAN SA**
**BREEDERS' SOCIETY OF SA**

**Notule van die 25ste Algemene Jaarvergadering gehou by Makarios Country Lodge, Bloemfontein op 30 Augustus 2019 om 09:00**
***Minutes of the 25th Annual General Meeting held at Makarios Country Lodge, Bloemfontein, on 30 August 2019 at 09:00***

---

**Teenwoordig/ *Present***
Ben Raath – President
Ed Clark - Raadslid/ *Council Member*
M van Niekerk - Raadslid/ *Council Member*
Jim Bredenkamp - Raadslid/ *Council Member*
*Christo Rothman – Raadslid/ Council Memeber*
*Charl van Rooyen – Tegniese Adviseur/ Technical Advisor*
*Anna-Marie Viljoen – Sekretaresse/ Secretary*
Herman Labuschagne – SA Stamboek: Bestuurder Data Aantekeninge/ *SA Stud Book Manager Data Recording*
F S Wasserfal – SA Stamboek *SA Stud Book* President
Dr J van der Westhuizen – SA Stamboek Hoofbestuurder/ *SA Studbook Executive Officer*
C Els – Sekretariaatbestuurder/ *Secretariat Manager*
Stephane Roos - Lid/ *Member*
Andrew Webster - Lid/ *Member (S Roos)*
CW Smith – Lid/ *Member*
LB Cook – Lid/ *Member*
S Mains-Sheard - Lid/ *Member*
Cornelis Rautenbach - Lid/ *Member*
Werner Gouws - Lid/ *Member*
AD Mullins - Lid/ *Member*

**1. OPENING & VERWELKOMING/ *OPENING & WELCOME***

Mnr B Raath open die vergadering met skriflesing uit Mattheus 6:33 sowel as uit Daaglikse Geloof deur Angus Buchan en open met gebed. Hy verwelkom al die lede, met spesiale verwelkoming aan mnr Freddie Wasserfall (President van SA Stamboek), dr Japie van der Westhuizen ( Hoofbestuurder SA Stamboek), mnr Chris Els (Sekretariaatsbestuurder), mnr Herman Labuschagne (SA Stamboek Bestuurder Data Aantekening) en nuwe lid mnr CW Smith.

*Mr B Raath opened the meeting with Scripture reading out of Matthew 6:33 as well as out of 'Daaglikse Geloof' by Angus Buchan and opened with prayer. He welcomed all members with a special welcome to Messrs Freddie Wasserfall (President SA Stud Book), dr*

*Japie van der Westhuizen (SA Stud Book Executive Officer), C Els (Secretariat Manager), Herman Labuschagne (SA Stud Book Manager Data Recording) as well as new member, Mr CW Smith.*

**2. KENNISGEWING, BYWONINGSREGISTER EN VERSKONINGS VIR AFWESIGHEID/ *NOTICE OF MEETING, ATTENDANCE REGISTER AND APOLOGIES FOR ABSENCE***

Die kennisgewing van die vergadering is betyds uitgestuur en die vergadering word as behoorlik gekonstitueerd verklaar. Die bywoningsregister word gesirkuleer en onderteken.

*The notice of the meeting was sent timeously and the meeting thus declared as properly constituted. The attendance register was duly circulated and signed.*

**2.1 Verskonings/ *Apologies***

Paul Grobler
Doug Follwell
Ryan Gerhard
Tom & Nyreen Roberts
Abel Rautenbach
Albie Rautenbach
Coenraad Slabber
Callie Barnard
Sandveld Stoet
Herlu Rautenbach
Casper Kriel
Colin Raath
Gordon Gilfillian
Boabab Stoet
Dirk van Velden
Don Harvey Trust
Ernst Jnr Familie Trust
M Groenewald
Chris Rogers
Volcker Rugheimer
Leard King
Alwyn Marx
Russel Clark
Paul Smith
Carmen Welz
Johan van Rijswijk

Mnr B Raath verwelkom die nuwe sekretaresse. *Mr B Raath welcomed the new secretary.*

**2.2 Lief en Leed / *Joy and Sorrow***

**Oorlede/ *Deceased***

Mnr J van Rijswijk se vader/ *Mr J van Rijswijk's father*

**Siek/ *Illness***

| | |
|---|---|
| Mnr C Barnard se kankertelling is skoon. *Mr C Barnard's cancer score was clean.*<br>Mnr Arthur Schulz is nie gesond nie. *Mr Arthur Schulz was not healthy.*<br>Mnr B Raath se ma is in die hospitaal vir toetse. *Mr B Raath's mother was in hospital for tests.*<br>Mnr C van Rooyen se gesondheid is beter. *Mr C van Rooyen's health was better.*<br>Mnr Gerrit Steenkamp (Chanelle Stoet) het kanker. *Mr Gerrit Steenkamp (Chanelle Stud) was diagnosed with cancer.*<br>Mnr Cornelius Rautenbach het 'n operasie gehad en dit gaan beter. *Mr Cornelius Rautenbach had an operation and his health was better.*<br><br>'n Oomblik van stilte word gehou uit eerbetoon aan hom wat oorlede is. *A moment of silence was held to honour him who passed away.*<br><br>**Goeie nuus/ *Good news***<br>Mnr J van Rijswijk het 'n babaseuntjie ryker geword. *Mr J van Rijswijk's wife had a baby son.*<br><br>**Besluit:** In die Vise-President, Mnr J van Rijswijk se afwesigheid, besluit die vergadering dat die ander lid van die Uitvoerende Komitee, mnr M van Niekerk, as ondervoorsitter tydens die vergadering sal optree en die Voorsitterstoel kan inneem gedurende die presidensiële verslag.<br><br>***Decision:*** *In the absence of the Vice-President Mr J van Rijswijk, the meeting decided that the other member of the Executive Committee, Mr M van Niekerk, will act as Vice Chairmen during the meeting and act as Chairman during the presidential report.*<br><br>**3. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP 31 AUGUSTUS 2018 /*APPROVAL OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING ON 31 AUGUST 2018***<br>**Korreksie/ *Correction***<br>**Bladsy 9 Item 6.1.7.1 R500-00 vrywillige bydrae aan SA Stamboek**<br>**Besluit:** Doen 'n beroep op telers om vrywillig R500-00 aan Stamboek te betaal vir regskoste. 'n Spesiale skrywe om te verduidelik dat indien die fondse nie ontvang word nie, die fooie verhoog sal moet word. **<u>Die saak word verwys na die volgende Raadsvergadering.</u>**<br><br>(Mnr B Raath gee terugvoer dat die Raad die saak wel bespreek het en dat 'n e-pos aan die lede gestuur is waarin lede wat nie gefaktureer wil word nie, voor 'n sekere datum skriftelik moes kennis gee. Die besluit is ook in 'n omsendskrywe kommunikeer.)<br><br>*(Mr B Raath gave feedback that Council did discuss the matter and that an email was send to members to invite those who did not want* | |

*to be invoiced to reply before a certain date. The decision was also communicated in the circular.)*

**Besluit:** Die notule word goedgekeur met die nodige regstelling soos voorgestel deur mnr C Rothman en gesekondeer deur me S Roos.
***Decision:*** *The minutes was approved with the correction as proposed by Mr C Rothman and seconded by Ms S Roos.*

**4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE/ *MATTERS ARISING FROM MINUTES***

**4.1** Geen/ *None*

**5. BYVOEGINGS TOT DIE AGENDA/ *ADDITIONS TO THE AGENDA***
**Sien Punt 7 op die agenda/ *See item 7 on the agenda***

Item 7.4 0.5% kommissie op omset van alle veilingsdiere verkoop**/** *0.5% commission on turnover of all sale animals sold*

Item 7.5 Grondwetwysiging Kompilasiestate/ *Constitutional Amendment Compilation statements*

Item 7.6 Zimbabwe Verslag/ *Zimbabwe Report*
Bemarking/ *Marketing:* Tuli 25

**6. NUWE SAKE/ *NEW BUSINESS***

**6.1 Portefeuljes Verslae/ *Portfolio Reports***

**6.1.1 Presidensiële Verslag/ *Presidential Report*** – B Raath
Mnr M van Niekerk neem die voorsitter stoel in.
*Mr M van Niekerk act as Chairman during the report.*

PRESIDENTSVERSLAG AJV 30 AUGUSTUS 2019, TE MAKARIOS COUNTRY LODGE BLOEMFONTEIN.

DANKIE VIR DIE GELEENTHEID OM VERSLAG TE KAN DOEN OOR ONS BESLUITE EN BEDRYWIGHEDE DIE AFGELOPE FINANSIëLE JAAR. ONS AS RAAD IS DEUR U VERKIES OM U BELEGGING TE BESTUUR, TE BEMARK EN UIT TE BOU.

EERSTENS MOET ONS EERLIK WEES EN VIR MEKAAR Sê- DIT GAAN MOEILIK DAAR BUITE! 'N GROOT GEDEELTE VAN ONS LAND GAAN GEBUK ONDER EEN VAN DIE ERGSTE DROOGTES IN MENS HEUGENIS. ONSEKERHEID, KORRUPSIE EN DIE FINANSIëLE KRISIS WAARIN ONS LAND GEDOMPEL IS, TESAME MET DIE UITBRAAK VAN BEK EN KLOUSEER, HET 'N GROOT NEGATIEWE IMPAK OP ONS BEDRYF GEHAD.

DIE IMPAK DAARVAN WORD OOK IN DIE HUIDIGE VEILINGSPRYSE WEERSPIEëL, NADAT DIT EFFENS AFWAARTS GEDAAL HET. 'N FEIT WAT SOOS 'N PAAL BO WATER STAAN, IS DAT KWALITEIT ALTYD VERKOOP. ONS

| | |
|---|---|
| SLAGSPREUK “VRUGBARE, WINSGEWENDE, VELDBEES” KOM NOU TOT SY REG. WANNEER U, U KUDDE AS GEVOLG VAN DIE DROOGTE MOET VERMINDER, IS DIT NOU DIE TYD OM VIR HIERDIE EIENSKAPPE TE SELEKTEER. HOE GOUER ONS GAAN BESEF DAT AARDVERWARMING HIER IS OM TE BLY, HOE BETER. ONS EN ONS TULI-RAS MOET BINNE HIERDIE VERANDERENDE OMGEWING AANPAS (OF IS ALREEDS AANGEPAS) EN HIERDIE GELEENTHEID MOET MET ALBEI ARMS BINNE DIE BEMARKINGSWêRELD AANGERYP WORD. HIERDIE INHEEMSE, VRUGBARE, GEHARDE BEESRAS VAN ONS IS BESIG OM ‘N STEWIGE VASTRAPPLEK IN DIE BEESWêRELD TE VESTIG.<br><br>WAT MY TROTS BOER EN SUID AFRIKANER MAAK, IS DIE WYSE WAAROP ONS MEKAAR IN MOEILIKE TYE SOOS HIERDIE ONDERSTEUN, HETSY DEUR GEBEDE, ‘N WOORDJIE VAN HOOP OF DEUR VOERSKENKINGS! ONS IS ‘N GELOWIGE NASIE WAT NIE GAAN Lê NIE! ONS WEET MOS OOK DAT DIE NATUUR DEUR SIKLUSSE GAAN EN GLO EK VAS DAT DIE NAT JARE BAIE NADER IS AS WAT ONS DINK. KOM ONS WEES POSITIEF EN DOEN DIT WAARIN ONS GOED IS.<br><br>U AS LEDE BETAAL LEDEGELD, PER KAPITA FOOIE, ASOOK VIR DIENSTE DEUR DIE GENOOTSKAP EN SA STAMBOEK GELEWER. EK BESEF DAT HIERDIE KOSTES HOOG IS, VERAL IN DIE TYE WAARIN ONS LEEF. EK IS OORTUIG DAARVAN DAT U DIVIDENDE DAARVOOR VERDIEN, DEURDAT U DIERE GEREGISTREER EN DEUR ‘N WêRELDKLAS INSTANSIE SOOS SA STAMBOEK GEëVALUEER WORD. VIR ONS AS RAAD IS DIT ‘N BAIE GROOT VERANTWOORDELIK EN VERSEKER EK U DAT ONS ALTYD DAARNA STREEF OM IN DIE BESTE BELANG VAN ONS RAS OP TE TREE EN NOOI EK U GRAAG UIT OM ENIGE PROBLEEM VOOR ONS DEUR TE Lê.<br><br>SIGBAARHEID IS BAIE BELANGRIK. WAT, WAAR EN HOE HET ONS BEMARK? DIE BEMARKINGSKOMITEE, TESAME MET ONS TEGNIESE ADVISEUR GAAN BREEDVOERIG DAAROOR UITBRY. DIE TULI-RAS IS NIE ‘N SKOU- RAS. HOE KAN ONS ONSSELF DAN MET ANDER RASSE VERGELYK/MEET? VLEISSENTRAAL EN SA STAMBOEK HET ‘N WONDERLIKE PLATVORM GESKEP MET DIE ELITE BULGROEITOETSKLAS KOMPETISIE TE BLOEMSKOU. HIER WORD ‘N BUL PER RAS VOLGENS PLAASGROEITOETSE, BOUVORM EN FUNKSIONELE DOELTREFFENDHEID GENOMINEER EN BINNE SY EIE RASSTANDAARDE MET MEKAAR VERGELYK. DIE TULI HET WEEREENS BAIE GOED GEDOEN EN SIEN EK DIT AS ‘N UITSTEKENDE BEWUSMAKINGS VELDTOG. DIE BUL HBH160108 (SURVIVOR) WAT DEUR ED EN RUSSELL CLARK GETEEL IS, | |

HET VANJAAR DEELGENEEM. DIE EIENAAR IS DONKERHOEK TULI STOET.
BAIE GELUK AAN DIE TELERS MET 'N BESONDERSE BUL.

NAMPO IS EEN VAN ONS GROOTSTE VELDTOGTE EN HET ONS DIT OOK REGGEKRY OM VANJAAR IN DIE BEESKOMPLEKS 'N STALLETJIE TE KRY. DIT HET VERSEKER MEER VOETE TEWEEG GEBRING EN NIE NET BOERE VAN SUID AFRIKA, MAAR VERAL OOK ONS BUURLANDE HET BAIE BELANGSTELLING GETOON. TYDENS NAMPO IS ONS OOK NA DIE GHANZI SKOU IN BOTSWANA GENOOI. DIE GO WEST VEILINGS-GROEP HET ONS TEGNIESE ADVISEUR, MNR CHARL VAN ROOYEN EN MNR GIEL VAN NIEKERK GEBORG. DIT WAS 'N EERSTE, MAAR GOEIE TERUGVOERING IS ONTVANG. NAMENS DIE GENOOTSKAP, BAIE DANKIE VIR DIE BORG.

RASSTANDAARDE IS AANGEPAS EN SIEN ONS ALREEDS DIE RESULTATE:

| | 2019 | 2018 | 2017 |
|---|---|---|---|
| GEM GEB GEWIG (MANLIK) | 32KG | 32KG | 33KG |
| GEM GEB GEWIG (VROULIK) | 30KG | 31KG | 31KG |
| GEM SPEENGEWIG (MANLIK) | 206KG | 206KG | 190KG |
| GEM SPEENGEWIG (VROULIK) | 194KG | 190KG | 177KG |
| GEM TKP | 397 DAE | 407 DAE | 423 DAE |
| DSLK | 327 DAE | 329 DAE | 439 DAE |

EK Sê WEER- ONS MOET ONS RAS VERBETER, MAAR NIE VERANDER! GEBOORTEGEWIGTE HET SEDERT DIE TOEPASSING VAN DIE NUWE REëL EFFENS AFWAARTS BEWEEG EN TOE KONSTANT GEBLY, TERWYL SPEENGEWIGTE TOEGENEEM EN TOE GESTABILISEER HET- DIT IS WAT ONS WIL Hê. NATUURLIK HET DIE DROë VELDTOESTANDE OOK 'N IMPAK. VRUGBAARHEID HET BAIE VERBETER EN MOET ONS POOG OM DIT ONDER 400 DAE TE HANDHAAF.

BAIE GELUK AAN DIE VOLGENDE TELERS:
MNR UYSIE WILLEMSE VAN DIE TRUMPS TULI STOET MET HUL 2019 PLATINUM ELITE KOEI (ADM080061) TOEKENNING. ONS IS SAAM MET JULLE TROTS.
MNR STEPHEN MAINS- SHEARD VAN DIE TIPTREE TULI STOET MET SY BUL TT170020 WAT NAMENS DIE TULI RAS AAN DIE "ARC NATIONAL PERFORMANCE TEST CLASS COMPETITION 2019" DEELGENEEM HET. HIERDIE BUL HET 'N GOUE MERIETE TOEKENNING TYDENS HUL VOERKRAALTOETS ONTVANG. DIT WAS DIE EERTSE KEER DAT DIE TULI-RAS AAN HIERDIE KOMPETISIE DEELGENEEM HET.

U SAL SAAM MET MY STEM DAT ONS 2019 JOERNAAL 'N UITSTEKENDE DOKUMENT IS EN MET TROTS OP U KOFFIETAFEL GEPLAAS KAN WORD. U AS TELER KAN MET TROTS U

ADVERTENSIE IN HIERDIE JAARLIKSE UITGAWE PLAAS. BAIE DANKIE AAN ELKE ADVERTEERDER, ASOOK ONS TEGNIESE ADVISEUR, MNR CHARL VAN ROOYEN, TESAME MET SY DOGTER ADRIA VAN ROOYEN (SEVENTYFOUR DESIGN) VIR HIERDIE PUIK STUK WERK! ONS SIEN ALREEDS UIT NA DIE VOLGENDE UITGAWE.

DEBITEURE BLY MAAR ‘N PROBLEEM. DAAR IS MIN DINGE IN DIE LEWE SO SLEG SOOS OM ‘N MEDE BOER TE MOET OORHANDIG! TREF ASB NET DIE NODIGE REëLINGS, DAN IS HIERDIE ONSMAAKLIKE STAPPE NIE NODIG!

ONS LEDETAL HET WEEREENS AFWAARTS BEWEEG EN STAAN TANS OP 47 LEDE WAARVAN 5 OPGESKORT IS. ONS SKRYF DIT HOOFSAAKLIK TOE AAN DIE SWAK EKONOMIESE TOESTANDE EN VOORTSLEPENDE DROOGTE. ONS AS RAAD IS BEKOMMERD DAAROOR, MAAR GLO DAT DIT WEER BETER SAL GAAN! WELKOM AAN ALLE NUWE TELERS WAT BINNE HIERDIE FINANSIëELE JAAR AANGESLUIT HET. EK GLO EN VERTROU DAT ONS ‘N GOEIE EN LANG PAD SAL SAAMSTAP.

SOOS U BEWUS IS, HET DIE GENOOTSKAP GEDURENDE MAART 2019 ’N WYNVEILING IN SAMEWERKING MET DR JAN BOLAND COETZEE EN BEYERS TRUTER TEN BATE VAN DIE TULI GENOOTSKAP AANGEBIED. DIT WAS BAIE SUKSESVOL EN DIE GASTE HET DIT TERDEë GENIET. DIE RAAD BEPLAN OM WEER GEDURENDE MAART 2020 ‘N WYNVEILING AAN TE BIED. JAGPAKETTE GAAN OOK MOONTLIK AANGEBIED WORD. BAIE DANKIE VIR U ONDERSTEUNING, BORGE EN DONASIES IN HIERDIE VERBAND.

DIT BRING MY BY ONS TEGNIESE ADVISEUR, MNR CHARL VAN ROOYEN. EK SOEK DIE MAN VAN SY OUDERDOM WAT SAAM MET HOM KAN PRAAT! EK WENS SO ONS JONGMENSE WIL LEER OM BY ONS SENIOR BURGERS KERS OP TE STEEK. EK IS SPYT EK HET NIE MEER VIR MY PA GEVRA NIE. HIERDIE IS ‘N WONDERLIKE VOORREG VIR ONS OM OOM CHARL SE KENNIS TE TAP EN BINNE ONS BEDRYF TOE TE PAS! DANKIE VIR DIT WAT OOM VIR ONS DOEN OM HIERDIE GELIEFDE RAS VAN ONS TE VERBETER.

MY RAADSLEDE. BAIE DANKIE VIR ELKEEN SE INSETTE EN OPOFFERINGS GEDURENDE DIE AFGELOPE JAAR. EK DINK NIE U AS LEDE BESEF WAT DIT VAN ‘N RAADSLID VERG OM OP DIE RAAD TE DIEN NIE. ONS STAMP MAAR KOPPE, MAAR IS GROOT GENOEG OM MEKAAR IN DIE Oë TE KYK WANNEER ONS BY DIE RAADSAAL UITSTAP.

SOOS U BEWUS IS, HET LIEZEL GROBLER ‘N ANDER POS AANVAAR EN IS ANNA-MARIE VILJOEN AS SEKRETARESSE AANGESTEL. SY HET GOU HAAR VOETE GEVIND EN SIEN ONS AS

| | |
|---|---|
| RAAD BAIE UIT OM IN DIE TOEKOMS SAAM MET HAAR TE WERK. SY IS ABOLUUT 'N PERFEKSIONIS EN HET ALREEDS NUWE STELSES GEïMPLIMENTEER.<br><br>DANKIE OOK AAN DIE SEKRETARIAAT, MNR CHRIS ELS EN SY SPAN MET PUIK DIENS WAT JULLE LEWER. DANKIE DAT JY ALTYD BEREID IS OM TE LUISTER EN SOMS NET TE GESêLS.<br><br>DANKIE OOK AAN SA STAMBOEK, DR JAPIE VAN DER WESTHUIZEN, HERMAN LABUSCHAGNE EN JUL SPAN. ONS IS TROTS OM MET JULLE GEASSOSIEëR TE WORD.<br><br>AAN U AS LEDE, BAIE DANKIE VIR U GEBEDE EN ONDERSTEUNING. ONS IS 'N WONDERLIKE KLOMP MENSE BYMEKAAR EN KAN EK NIE MY LEWE SONDER ELKEEN VAN U INDINK NIE.<br><br>LAASTENS EN SEKERLIK DIE BELANGRIKSTE. DANKIE AAN ONS HEMELSE VADER VIR SY GENADE EN SEëNINGE! SONDER HOM IS ONS TOT NIKS IN STAAT!<br>VOORSPOED EN SEëN VIR ELKEEN VAN U!<br>BEN RAATH<br><br>Mnr M van Niekerk bedank mnr Raath vir sy verslag en sy bydrae deur die jaar tot die ras.<br>**Besluit:** Die presidensiële verslag word aanvaar soos voorgestel deur mnr Dave Mullins en gesekondeer deur mnre Ed Clark en Jim Bredenkamp.<br><br>*Mr M van Niekerk thanked Mr Raath for his report and his contribution through the year to the breed.*<br>***Decision:*** *The presidential report was accepted as proposed by Mr Dave Mullins and seconded by Messrs Ed Clark and Jim Bredenkamp.*<br><br>Mnr D Mullins noem dat mnr Raath altyd beskikbaar is en hy bedank hom daarvoor. *Mr D Mullins mentioned that Mr Raath was always available and he thanked him for that.*<br><br>**6.1.2 Tesouriers Verslag /** ***Treasurer's Report*** – Giel van Niekerk<br>Mnr M van Niekerk gee terugvoer. *Mr M van Niekerk gave feedback.*<br><br>**6.1.3 Goedkeuring van Jaarlikse Finansiële state jaar einde 30 Junie 2019 /** ***Approval of Annual Financial Statements Year end 30 June 2019***<br>Mnr M van Niekerk lê die state aan die lede voor en noem dat dit kompilasie state is sonder 'n oudit. Volgens die Grondwet moet die state ge-oudit wees. Die meeste Genootskappe lê net kompilasiestate voor. Die oudit van state kos baie meer. Die vergadering sal moet besluit oor die saak en die Grondwet sal gewysig moet word. Die saak word bespreek by item 7.5. | |

| | | |
|---|---|---|
| | Mnr M van Niekerk bespreek die detail inkomstestaat en die kontantvloeistaat. Lede word genooi om vrae te vra.<br><br>**Besluit:** Die finansiële kompilasiestate word goedgekeur, voorgestel mnr W Gouws en gesekondeer deur mnr J Bredenkamp.<br><br>*Mr M van Niekerk presented the statements to the meeting and mentioned that it was compilation statements without an audit. According to the Constitution the statements must be audited. Most Societies only have compilation statements as the audit cost much more. The meeting will decide on the matter and the Constitution will be amended accordingly. The matter will be discussed at item 7.5.*<br><br>*Mr M van Niekerk discussed the detail income statement and the cash flow statement. Members were invited to ask questions.*<br><br>***Decision:*** *The financial statements was approved as proposed by Mr W Gouws and seconded by Mr J Bredenkamp.*<br><br>Mnr D Mullins vra of debiteure aangespreek word en mnr B Raath bevestig dat dit gedoen word. *Mr D Mullins asked if the outstanding debtors was addressed and Mr B Raath confirmed that it was.* | |
| **6.1.3.1** | **Begroting/** ***Budget***<br>Mnr M van Niekerk lê die state aan die lede voor (Aanhangsel A). *Mr M van Niekerk presented the statements to the meeting. (Attachment A)*<br><br>Lede word genooi om vrae te vra. *Members were invited to ask questions.* | |
| | **Besluit:** Mnr D Mullins stel voor dat elke lid 'n speenkalf skenk en die geld aan die Genootskap oorbetaal. Mnr C Van Rooyen ondersteun die voorstel en noem dat onvrugbare prulbare diere verkoop kan word. Me S Roos sekondeer die voorstel. | Lede |
| | **Aksie:** Mnr C van Rooyen sal die voorstel bestuur. | CvRooyen |
| | Mnr D Mullins stel voor dat die geld slegs vir bemarking aangewend word. Mnr B Raath noem dat die Genootskap se algemene finansiële pligte eers nagekom moet word, daarna moet dit vir bemarking aangewend word. Mnr Raath verseker die vergadering dat die fondse doeltreffend aangewend sal word.<br><br>Mnr FS Wasserfal komplimenteer die Genootskap dat hul foute by hulself soek en poog dit te korrigeer in plaas van buite faktore te blameer. Hy noem dat dit 'n algemene praktyk is dat Genootskappe 1% kommisie op veilings vra. | |

| | |
|---|---|
| Mnr M van Niekerk noem dat Ghansi Skou besoek is deur hom en mnr C van Rooyen wat geborg is deur Go West Veiling.<br>**Aksie:** Lede word aangemoedig om sulke projekte aan te bied en te borg.<br><br>**Gewysigde besluit:** Mnr Mullins se voorstel word gewysig, sodat die fondse hoofsaaklik vir bemarking aangewend sal word. Mnr Bredenkamp sekondeer.<br><br>Mnr S Mains-Sheard maan daarteen dat die kommissie verhoog word en 'n paar lede dus al die ander lede finansiëel dra. Die saak sal bespreek word by item 7.4.<br><br>**Besluit:** Die begroting word deur die vergadering goedgekeur soos deur Mnr van Niekerk voorgehou. Voorgestel mnr S Mains-Sheard en gesekondeer deur mnr J Bredenkamp.<br><br>Mnr C Els bedank mnr M van Niekerk vir sy tyd wat hy insit in die finansiële portefeulje. Mnr B Raath bedank ook mnr Van Niekerk. | Lede |
| ***Decision:*** *Mr D Mullins proposed that each member sponsor a weaner and pay the money over to the Society. Mr C Van Rooyen supported the proposal and mentioned that infertile cullable animals could be sold. Ms S Roos seconded the proposal.*<br>***Action:*** *Mr C van Rooyen will manage the proposal.* | *Members*<br><br><br><br>*CvRooyen* |
| *Mr D Mullins proposed that the funds be allocated solely to marketing. Mr B Raath replied that the Societies general financial obligations should be met first, after which it could be allocated to marketing. Mr Raath ensured the meeting that the funds would be allocated efficiently.*<br><br>*Mr FS Wasserfal complimented the Society that mistakes was searched for in house and endeavoured to be corrected instead of blaming outside factors. He mentioned that the general norm for sale commission to Societies was 1%.*<br><br>*Mr M van Niekerk mentioned that Ghansi Show was visited by him and Mr C van Rooyen. The visit was sponsored by the Go West Sale.*<br>***Action:*** *Members were encouraged to initiate such projects and to sponsor it.* | *Members* |
| ***Decision:*** *Mr Mullins's proposal was amended that the funds be utilised mainly for marketing.  Mr J Bredenkamp seconded the proposal.*<br><br>*Mr S Mains-Sheard was of the opinion that if the commission was increased a few members sponsor the whole Society. The matter will be discussed at item 7.4.* | |

| | | |
|---|---|---|
| | ***Decision:*** *The budget was approved by the meeting as presented by Mr M van Niekerk as proposed by Mr S Mains-Sheard and seconded by Mr J Bredenkamp.*<br><br>*Mr C Els thanked Mr M van Niekerk for his effort in the financial portfolio. Mr B Raath also thanked Mr Van Niekerk.* | |
| **6.1.4** | **Aanstel van Ouditeure/ *Appointment of Auditor***<br>Mnr M van Niekerk lê die drie kwotasies van ouditeure aan die vergadering voor vir kompilasiestate asook drie kwotasies wat ouditfooie insluit. ARC Ingelyf was die goedkoper kwotasie teen R2 650.00. Die ouditkwotasie was R9 000.00.<br>Mnr M van Niekerk stel voor dat kompilasieverslae gekies word sonder oudit, soos vir meeste Genootskappe.<br>**Besluit**: ARC Ingelyf word aangestel as ouditeure vir kompilasiestate soos voorgestel deur mnr M van Niekerk en gesekondeer deur mnr D Mullins.<br><br>Mnr C van Rooyen bedank SA Stamboek en me P Lloyd vir haar hulp in die finansiële afdeling.<br><br>Mnr C Rothman noem dat die Genootskap enige tyd vir 'n oudit kan vra, indien dit benodig sou word. Mnr B Raath noem ook die feit dat die jaareinde en die Algemene Jaarvergadering so na aanmekaar is, nie genoeg tyd laat vir 'n volledige oudit nie.<br><br>*Mr M van Niekerk presented the three quotations for auditors to the meeting as well as the three quotations for full audit fees. ARC Incorporated was the cheaper quotation at R2 650.00. The audit quote was R9 000.00. Mr M van Niekerk proposed that compilation statements be chosen instead of a full audit as most Societies do.*<br>***Decision****: ARC Incorporated was appointed as the auditors for compilation statements as proposed by Mr M van Niekerk and seconded by Mr D Mullins.*<br><br>*Mr C van Rooyen thanked SA Stud Book and Ms P Lloyd for her assistance in the financial section.*<br><br>*Mr C Rothman mentioned that the Society could request an audit at any time when needed. Mr B Raath also mentioned that the fact that the year end and the Annual General Meeting was held so close together in time also made a full audit in time unfeasible.* | Kantoor<br><br>*Office* |
| **6.1.5** | **Verslag deur Promosie & Bemarkings komitee/ *Report by Promotion & Marketing committee*** | |
| **6.1.5.1** | **Joernaal/ *Journal* - Charl van Rooyen**<br>Die saak is reeds bespreek in die presidensiële verslag. Mnr C van Rooyen noem hy gaan dit ook kortliks onder sy verslag bespreek. *The matter was discussed in the Presidential report. Mr* | |

| | | |
|---|---|---|
| | *C van Rooyen mentioned that he will also give feedback in his report.*<br><br>**6.1.5.2 Algemene Bemarking / *General Marketing* – Christo Rothmann (Klank 1.32)**<br>Mnr C Rothman gee terugvoer (Aanhangsel B). *Mr C Rothman gave feedback (Attachment B).* | |
| | **Aksie:** Lede word genooi om inligting te stuur, foto's en video's asook om op Facebook te "like". Lede moet vroegtydig voor hul veilings die video's stuur vir plasing en langer blootstelling. Lede word gemotiveer om die hersiende Tuli video the kyk en "like" op Youtube, sodat dit beter geposisioneer kan word.<br><br>***Action:*** *Members were invited to send information, photos and videos as well as to like the Facebook posts. Members must send their videos early before their sales for more exposure. Members were motivated to watch and like the revised Tuli video on Youtube, to ensure that it be positioned better.*<br><br>Mnr W Gouws noem dat Facebook plasings ge"boost" kan word teen minimale kostes. Selfs net die logo kan so geplaas word. *Mr W Gouws mentioned that Facebook posts could be boosted. Even only the logo could be boosted.*<br><br>Dr J van der Westhuizen maan lede om versigtig te wees met videoplasings van byvoorbeeld brandmerk en onthoorning, siende die Dierebeskermingsvereniging baie sensitief is.<br><br>*Dr J van der Westhuizen warned members to be careful in placing videos as the SBCA was very sensitive about for instance branding and dehorning.*<br><br>Mnr Rothman noem dat plasings deur die Raad gemonitor word. *Mr Rothman replied that posts were monitored by Council.*<br><br>Dr Van der Westhuizen stel voor dat plasings met SA Stamboek gedeel word. *Dr Van der Westhuizen suggested that posts be shared with SA Studbook's Facebook.* | Lede |
| | **Aksie:** Die wynveiling moet ge"boost" word op Facebook.*The wine auction should be boosted.*<br><br>Mnr B Raath bedank mnr Rothman vir sy deeglikheid en moeite. *Mr B Raath thanked Mr Rothman for his thoroughness and effort.*<br><br>**6.1.5.3 Nampo – Ben Raath (Klank 2.38)**<br>Mnr B Raath gee terugvoer en noem dat die Genootskap in die Beeskompleks 'n stalletjie gekry het, en baie meer belangstelling as in die verlede gekry het. Daarmee saam is daar ook 'n buite-kraal vir bv kruisdiere. Daar is baie navrae by Nampo oor die | CRothman |

| | | |
|---|---|---|
| | kruismoontlikhede van Tuli bulle met ander rasse en moet hierdie kraal daarvoor gebruik word, om voorbeelde van kruisings te kan wys. Die "ou" bemarkingsmateriaal van die vorige stalletjie was eers gebruik, maar sal opgegradeer moet word, aangesien die vloerruimte heeltemal verskil.<br>**Aksie:** Die stalletjie moet opgegradeer word. | Raad |
| | Hy bedank mnr M van Niekerk vir sy koei en kalf en hulp om die stalletjie vir die week te beman, asook mnr C van Rooyen vir sy reuse bydrae. | |
| | Mnr C van Rooyen gee ook terugvoer. Lede moet nie aanvaar dat die Elite klas bul by Nampo uitgestal sal word nie. Hy moet ook vervoerkostes in ag neem vir die keuse van diere. Hy verseker lede dat die beste diere uitgestal sal word, ongeag wie die eienaar is. | |
| | Mnr J Bredenkamp bespreek Nampo, Nampo Wes-Kaap, die All Africa Expo voor ALFA en ALFA.<br>**Aksie:** Mnr B Raath antwoord dat die Raad prioriteite sal opstel en sal moet kies waaraan om deel te neem.<br>Mnr C van Rooyen noem dat die All Africa Expo deur 'n ras aangebied word wat nie deel vorm van SA Stamboek nie en hy nie sou aanbeveel dat dit ondersteun moet word nie. | Raad |
| | *Mr B Raath gave feedback and mentione that the Society got to exhibit in the cattle complex and that the exhibition attracted more interest than in previously. With that the Society also obtained an outside "kraal" for cross breeding animals. There was a lot of enquiroes at Nampo on the cross breeding potential of Tuli bulls with other breeds and therefore the outside "kraal" should be utilised to exhibit examples of such cross breeding animals. The marketing material pf the previous year was utilised, but will have to be upgraded seeing that the floor space now was different.*<br>***Action:*** *The Nampo exhibition space must be upgraded.* | *Council* |
| | *He thanked Mr M van Niekerk for his cow and calf and for his assistance in manning the exhibitjon for the week. He also thanked Mr C van Rooyen for his huge input.* | |
| | *Mr C van Rooyen also gave feedback. Members should not expect that their Elite class bull would be exhibited at Nampo. He must take travel cost into account in his selection of the animals. He ensure members that the best animals would be exhibited, irrespective of who the owner was.* | |
| | *Mr J Bredenkamp discussed Nampo, Nampo Western Cape, the All Africa Expo before ALFA and ALFA.*<br>***Action:*** *Mr B Raath replied that Council will prioritise and chose in which to participate.*<br>*Mr C van Rooyen mentioned that the All Africa Expo was* | *Council* |

| | | |
|---|---|---|
| | *organised by a breed not part of SA Stud Book and he suggested that the Society not participate.* | |
| **6.1.6** | **Verslag deur Rasadviserende komitee/ *Report by Breed advisory committee* - Johan van Rijswijk (Klank 2.50.22)**<br>Mnr B Raath lees mnr J van Rijswijk se verslag voor (Aanhangsel C bladsy 33). Lede word genooi om vrae te vra.<br><br>*Mnr B Raath read Mr J van Rijswijk's report (Attachment C page 33). Members were invited to ask questions.*<br><br>Mnr D Mullins noem dat SA Stamboek e-posse stuur waarin diere gekanselleer is wat nie aan rasstandaard voldoen nie. Hy vra dat 'n rede bygevoeg moet word.<br>**Aksie:** Mnr H Labuschagne sal die saak ondersoek.<br><br>Mnr S Mains-Sheard vra dat hy 'n e-pos moet kry voordat diere gekanselleer gaan word, byvoorbeeld wat se speenindekse onder rasstandaarde val. Mnr Labuschagne antwoord dat wanneer speentoetse ingestuur is, die lid resultate terug kry van al die diere nadat die indekse verwerk is by Logix, onder "Messages". Dit kan ook afgelaai word op Logix onder produksiedata. Die lid kan dit dan intrek in sy plaassagteware. Die Sondag daarna word diere eers gekanselleer.<br><br>*Mr D Mullins mentioned that SA Studbook send emails to inform members of cancelled animals that did not comply with breed standards. He asked that a reason be added in one sentence.*<br>***Action:*** *Mr H Labuschagne will investigate the matter.*<br><br>*Mr S Mains-Sheard requested that he receive an email before animals were cancelled for for instance wean weights below breed standards. Mr Labuschagne replied that when the wean tests were send in, the member get the results after the indices were processed by Logix under Messages and could also see it at Logix performance recording data (produksiedata). The member can import it into his farm software. The following Sunday the animals will be cancelled.* | Kantoor HLabu-schagne<br><br>*Office HLabu-schagne* |
| **6.1.7** | **Verslag deur SA Stamboek komitee / *Report by SA Stud Book committee* – Ed Clark**<br>Mnr E Clark bedank SA Stamboek vir hul diens en beskikbaarheid. Hy vra dr J van der Westhuizen om terugvoer te gee.<br><br>Dr Van der Westhuizen noem dat SA Stamboek baie naby aan begroting geëindig het met hul jaareinde Junie 2019, na 'n vol oudit. Al die kostes verbonde aan die regsaksie is die vorige jaar reeds aangedui in die state. Al die betalings is gemaak.<br><br>SA Stamboek poog om meer visueel te wees met byvoorbeeld | |

| | | |
|---|---|---|
| | ALFA en die Elite toekennings. Dit raak moeiliker om goud te kry en dit motiveer telers om meer te meet. Die jaarverslag is herontwerp deur 'n nuwe programmeerder. Dit is nou rasspesifiek en meet nie rasse teen mekaar. Genetiese tendense is ingesluit. Erosie sal bygevoeg word.<br><br>Wat die buitelandse lede aanbetref het dr H Theron die Sadeck aksies bygewoon. Hul data kan ook integreer word in teelwaardes wat tot waarde van die ras sal wees.<br><br>SA Stamboek poog te diversifiseer in inkomste bronne. Mnr FS Wasserfal voeg by dat daar nie net op kongruente konsentreer moet word nie. Vier rasse in Amerika, het wegbeweeg van Breedplan. Die Beefmaster het SA Stamboek gekontak. 4 000 genomiese profiele word vir hul deur SA Stamboek verwerk.<br><br>Mnr B Raath noem dat mnr Albie Rautenbach, namens die Genootskap die Afrika Tuli vergadering in Botswana bygewoon het, wat deur me Anne Cook van Zimbabwe geïnisiëer was. Hul wil 'n Tuli Assosiasie vir Afrika stig. Verdere inligting volg.<br><br>Dr Van der Westhuizen noem dat hul voorberei vir 'n tweede rondte in die BGP projek. Daar is baie politiek en hy sal die rasse op hoogte hou. Dr B van der Westhuizen en me Donna Berry van Ierland het 'n stelsel ontwikkel waar die genomiese toets wel ingewerk kan word soos die Tuli grondwetwysiging hier sal voorstel, om rassuiwerheid te bepaal. Die genetiese afstand van die kern Tuli diere wat reeds SP tipe is, kan aangedui word.<br><br>Lede word genooi om vrae te vra. Mnr M van Niekerk vra of SA Stamboek werk aan 'n register vir kommersiële lede. Dr Van der Westhuizen antwoord dat by Vleisbeeste daar 'n paar kuddes is wat wel hul kommersiële kuddes aanteken. By Melkbeeste is daar egter meer as die helfte kommersiële kuddes wat aanteken.<br><br>Mnr B Raath bedank Mnr Wasserfal, Dr Van der Westhuizen en personeel vir wat hul vir die bedryf doen.<br><br>*Mr E Clark thanked SA Stud Book for their service and availibility. He asked Dr J van der Westhuizen to give feedback.*<br><br>*Dr Van der Westhuizen mentioned that SA Stud Book ended close to budget in their fully audited financial year that ended June 2019. All the costs for the court case was paid.*<br><br>*SA Stud Book endeavour to be more visible for instance at ALFA and the Elite awards. It is more difficult now to get a gold award and that motivated breeders to measure more. The year report was redesigned by a new programmer. It was now breed specific, not comparing breeds. Genetic trends were included as well as erotion.* | |

*For members from African countries, Dr H Theron attended the Sadeck meetings. Their data could be integrated now and those breeding values could be of value to the breed.*

*SA Stud Book endeavour to diversify in income sources. Mr FS Wasserfal added that they should not only concentrate on congruents. Four American breeds moved away from Breedplan and the American Beefmasters contacted SA Stud Book to process their 4 000 genomic profiles.*

*Mr B Raath replied that Mr Albie Rautenbach, on behalf of the Society, attended the Africa Tuli meeting om Botswana. This meeting was initiated by Ms Anne Cook of Zimbabwe. They wanted to form an Africa Tuli Association. Further information will follow.*

*Dr Van der Westhuizen mentioned that they are preparing for the second round of the BGP project and they will keep Societies informed. There was a lot of politics. Dr B van der Westhuizen and Ms Donna Berry from Ireland developed a system to incorporate the genetic test as the Tuli constitutional amendment to be discussed here suggested to measure breed purity. The genetic distance from the core Tuli SP animals could be measured.*

*Members were invited to ask questions. Mr M van Niekerk asked if SA Stud Book had a register for commercial members. Dr Van der Westhuizen replied that a few herds did record data for their commercial animals at the Beef Cattle side, but that more of the half of the Dairy side that recorded data were commercial.*

*Mr B Raath thanked Mr Wasserfal, Dr Van der Westhuizen and personnel for their contribution to the industry.*

**6.1.8 Inspeksie en veilings verslag */Inspection and auction report* – Albie Rautenbach (klank 3.12)**

Mnr B Raath lees mnr Albie Rautenbach se verslag voor (Aanhangsel D, bl 34).

Vir die jaar 1 Julie 2018 tot 30 Junie 2019 is 36 kuddes gekeur in 41 inspeksies waarvan mnr Charl van Rooyen 20 inspeksies gedoen het (690 diere). Die aantal diere in totaal gekeur was 1429, 1300 goedgekeur, 129 afgekeur en 58 was eerste aanvaardings.

Mnr J Bredenkamp vra of die inspeksiefooie aangepas moet word. Mnr B Raath noem dat daar nie ‘n versoek was vir verhoging nie.
**Besluit**: Die inspeksiefooie bly dieselfde.
Mnr Raath noem dat die fooie goed vergelyk met dié van ander

| | | |
|---|---|---|
| | Genootskappe.<br>**Besluit:** Die inspeksiefooie sal jaarliks op die agenda geplaas word vir hersiening.<br><br>Die R25,00 raspromosie heffing word vir bemarking aangewend. Mnr Gouws noem dat persone wat by 'n spesifieke teler keur, afgewissel moet word. Hy versoek dat die Genootskap se senior keurders ook gebruik moet word om keurings oral in die land te doen. Die saak word verder bespreek. Mnr C Rautenbach noem ook dat junior keurders nie senior keurders kan word as hul nie geleenthede kry nie.<br>**Besluit:** Die Raad sal dit ondersoek.<br><br>Mnr Gouws is van mening dat die tegniese adviseur/ 'n keurder, 'n maksimum van 80% diere mag keur, die res moet deur ander senior keurders gekeur word. Hy waarsku dat dit nie goed is dat een persoon, (ongeag van wie dit mag wees), bykans alle diere keur en sodoende sy "prentjie" van hoe die Tuli moet lyk, kan afdruk nie.<br><br>*Mr B Raath read Mr Albie Rautenbach's report (Attachment D, p 34).*<br><br>*For the year 1 July 2018 to 30 June 2019 36 herds were inspected in 41 inspections of which Mr Charl van Rooyen did 20 inspections (690 animals). The amount of animals inspected in total was 1429, 1300 were approved, 129 not approved and 58 was first acceptances.*<br><br>*Mr J Bredenkamp asked if the inspection fees should be increased. Mr B Raath replied that no request for an increase was received.*<br>***Decision:** The inspection fees will remain the same.*<br>*Mnr Raath mentioned that the fees compared well with those ofat of other Societies.*<br>***Decision:** The inspection fee will be on the agenda to be discussed for revision yearly.*<br><br>*The R25,00 breed promotion levy was utilised for marketing. Mr Gouws mentioned that persons that inspected at specific breeders should be rotated. He requested that the Society utilise also senior inspectors to inspect throughout the country. The matter was discussed. Mr C Rautenbach mentioned that junior inspectors never get the opportunity to become senior inspectors.*<br>***Decision:** Council will investigate the matter.*<br><br>*Mr Gouws was of the opinion that the technical advisor/ an inspector, must inspect a maximum of 80% of the animals. The rest should be inspected by other senior inspectors. He warned against that it was not favourable that one person, no matter who it is, inspect all the animals that would enforce a singular picture* | AJV 2020<br><br>Raad<br><br>*Council* |

| | |
|---|---|
| *of the Tuli cattle.*<br><br>**6.1.9 Verslag deur Grondwet komitee / *Report by Constitution committee* – Ben Raath (klank 3.25)**<br><br>**6.1.9.1 Grondwetwysiging/ Constitutional Amendment:**<br>**'n Basis dier kan deur middel van genomika, na inspeksie en goedkeuring, geskik wees vir registrasie in die Hulpstamboek A afdeling.**<br><br>Die vergadering bespreek die voorgestelde wysiging. Genomika kan suiwerheid bepaal.<br><br>**VERORDENINGE**<br><br>**1.KUDDEBOEK**<br>**1.1 Algemeen**<br><br>**1.1.1** Die Genootskap sal toesien dat die Vereniging rekord hou van alle geregistreerde Tuli's en dat die Kuddeboek, wat bekend sal staan as die Tuli Kuddeboek, sal bestaan uit –<br>(a) 'n ~~Basiese~~ Basis Register,<br>(b) 'n Hulpstamboekafdeling, en<br>(c) 'n Volgeregistreerde Afdeling van die Kuddeboek.<br><br>1.2 **~~Basiese~~ Basis Register**<br>**1.2.1** 'n Basis dier moet 'n SP pa/ma uit enige kommersiële bul/koei hê, en moet Tuli tipies wees. Vroulike diere wat aan die minimum rasstandaard voldoen, asook genotipies *cum* fenotipies 'n Tuli is, sal na inspeksie en goedkeuring geskik wees vir aantekening in die ~~Basiese~~ Basis Register.<br><br>1.2.2 Uitsondering: waar daar vir 'n aantal jare slegs van SP geregistreerde Tuli bulle binne 'n kommersiële kudde gebruik gemaak is, sal die vroulike nageslag, nadat dit deur Inspekteurs van die Genootskap geïnspekteer en goedgekeur is deur die Raad, vir registrasie in die ~~Basiese~~ Basis Register van die Kuddeboek in aanmerking kom.<br><br>1.2.3 Vroulike diere wat inpas by die kleur voorskrifte van die Tuli Telersgenootskap en wat beantwoord aan die voorskrifte van funksionele doeltreffendheid en tipe, kan na inspeksie en met goedkeuring deur die Raad in die ~~Basiese~~ Basis register opgeneem word.<br><br>1.2.4 Die vroulike nageslag van 'n ~~Basiese~~ Basis vroulike dier en 'n Hulpstamboek B Bul kan na inspeksie en met goedkeuring deur die Raad in die ~~Basiese~~ Basis register opgeneem word.<br><br>1.3 **Hulpstamboek Afdeling**<br>1.3.1 **Hulpstamboek A** | |

| | | |
|---|---|---|
| | 1.3.1.1 Die vroulike nageslag van 'n ~~Basiese~~ Basis vroulike dier en 'n SP volgeregistreerde bul wat voldoen aan die minimum rasstandaarde en aan al die ander vereistes ten opsigte van registrasie, of wat deur bewys van 'n genomiese toets as suiwer Tuli klassifiseer, sal vir registrasie in die Hulpstamboek A afdeling in aanmerking kom.<br><br>Vroulike diere wat aan die minimum rasstandaard voldoen, asook genotipies *cum* fenotipies 'n Tuli is, sal na inspeksie en goedkeuring geskik wees vir aantekening in die Hulpstamboek A afdeling.<br><br>1.3.1.2 Nageslag van veelvuldige vader-parings sal slegs in aanmerking kom waar ouerskap deur 'n erkende DNS-toets bevestig word. Die ouerskap van Nie vir Registrasie-diere sal aanvaar word mits dit deur DNS-toetse bepaal is en dit binne ses maande na geboorte ingedien is.<br><br>1.3.1.3 Vroulike nageslag van 'n Hulpstamboek A vroulike dier en 'n Hulpstamboek B bul wat aan die minimum rasstandaarde en aan al die ander vereistes ten opsigte van registrasie voldoen, sal vir registrasie in die Hulpstamboek A afdeling in aanmerking kom. | |
| | **Besluit:** Die voorgestelde Grondwetwysiging word eenparig aanvaar soos voorgestel deur mnr W Gouws en gesekondeer deur mnr J Bredenkamp.<br><br>*The meeting discussed the proposed amendment. Genomics can determine breed purity.*<br><br>**BYE – LAWS**<br><br>1. **HERD BOOK**<br>1.1 **General**<br>1.1.1 The Society shall ensure that the Association keep record of all registered Tuli cattle and that the Herd Book shall be divided into three main sections, namely-<br>(a) the Basic Section,<br>(b) the Appendix Section; and<br>(c)the Studbook Proper Section of the Herd Book.<br><br>1.2 **Basic Section**<br>1.2.1 A Basic animal must have a SP sire/dam from any commercial bull/heifer and must be Tuli characteristics. Any female which complies to the minimum breed standards and which possesses the phenotypical *cum* genotypical characteristics of a Tuli, shall after inspection and approval be eligible for registration in the Basic Register of the Herd Book.<br><br>1.2.2 Exception**:** where for a number of years only SP registered Tuli bulls have been used within a commercial herd, the female | Kantoor |

| | |
|---|---|
| progeny, after inspected by the Society's Inspectors and approved by the Council be eligible for registration in the Basic Register of the Herd Book.<br><br>1.2.3 female animals that conform to the Tuli Breeder's colour prescription and which conform to the functional efficacy and type prescriptions may be incorporated into the basic register after inspections and approval by the Council.<br><br>1.2.4 The female progeny of a Basic female animal and a Appendix B bull may be incorporated into the Basic Register after inspection and approval by the Council.<br><br>1.3 **Appendix Section**<br>1.3.1 **Appendix A**<br>1.3.1.1 The female progeny of a Basic female animal and a SP which comply with the minimum breed standards and in respect of which all other registration requirements have been met or has been proven by means of a genomic test to cluster as a pure Tuli, shall be eligible for registration in the Appendix A section of the Herd Book.<br><br>Female animals which comply with the minimum breed standards as well as genotypic *cum* phenotypic a Tuli is, shall after inspection and approval be eligible for registration in the Appendix A section.<br><br>1.3.1.2 The progeny begotten from multiple sires shall only be considered where parentage is confirmed by a recognised DNA test. The parentage of Not for Registration animals shall be accepted provided that it has been determined by DNA tests and submitted within six months after birth.<br><br>1.3.1.3 Female progeny of a Appendix A female animal and a Appendix B bull which comply with the minimum breed standards and in respect of which all other registration requirements have been met shall be eligible for registration in the Appendix A section of the Herd Book.<br><br>***Decision**: The proposed Constitutional Amendment was accepteed unanimously as proposed by Mr W Gouws and seconded Mr J Bredenkamp*<br><br>**6.1.9.2 Uitsondering:waar daar vir 'n aantal jare slegs van SP geregistreerde Tuli bulle binne 'n kommersiële kudde gebruik gemaak is, sal die vroulike nageslag, nadat dit deur inspekteurs van die Genootskap geïnspekteer en goedgekeur is deur die Raad, vir registrasie in die Hulpstamboek A afdeling in aanmerking kom.**<br><br>**1.2 ~~Basiese~~ Basis Register** | *Office* |

| | |
|---|---|
| ~~**1.2.2** Uitsondering: waar daar vir 'n aantal jare slegs van SP geregistreerde Tuli bulle binne 'n kommersiële kudde gebruik gemaak is, sal die vroulike nageslag, nadat dit deur Inspekteurs van die Genootskap geïnspekteer en goedgekeur is deur die Raad, vir registrasie in die Basiese~~ Basis ~~Register van die Kuddeboek in aanmerking kom.~~<br><br>~~1.3~~ **Hulpstamboek Afdeling**<br><br>1.3.1 **Hulpstamboek A**<br><br>1.3.1.4 Uitsondering: waar daar vir 'n aantal jare slegs van SP geregistreerde Tuli bulle binne 'n kommersiële kudde gebruik gemaak is, sal die vroulike nageslag, nadat dit deur Inspekteurs van die Genootskap geïnspekteer en goedgekeur is deur die Raad, vir registrasie in die Hulpstamboek A afdeling in aanmerking kom.<br><br>Die vergadering bespreek die voorstel.<br><br>**Amendement van voorgestelde wysiging:**<br>**1.3.1.4** Uitsondering: waar daar vir 'n aantal jare slegs van SP geregistreerde Tuli bulle binne 'n kommersiële kudde gebruik gemaak is, sal die vroulike nageslag, nadat ouerskap deur DNS verifieer is en nadat dit deur Inspekteurs van die Genootskap geïnspekteer en goedgekeur is deur die Raad, vir registrasie in die Hulpstamboek A afdeling in aanmerking kom.<br><br>Die vergadering bespreek die saak verder, maar wysig nie die besluit nie. | |
| **Besluit:** Die voorgestelde gewysigde Grondwetwysiging word eenparig aanvaar soos voorgestel deur mnr J Bredenkamp en gesekondeer deur me S Roos en mnr D Mullins.<br><br>Mnr H Labuschagne noem aan mnr CW Smith dat geregistreerde diere wat gekanselleer is en verkoop is aan hom as nie-lid, heringestel kan word en oorgedra kan word op sy naam. Die Genootskap moet dan vir daardie diere 'n uitsondering gee siende die Interkalf periode nie aan die rasstandaarde sal voldoen nie. Hulle nageslag kan dan as eerste aanvaardings gekeur word.<br><br>Mnr FS Wasserfal verlaat die vergadering en bedank die Genootskap vir hul ondersteuning en bystand. Hy wens die Genootskap sterkte toe. Mnr B Raath bedank mnr Wasserfal.<br><br>*1.2* ***Basic Section***<br>~~*1.2.2 Exception: where for a number of years only SP registered Tuli bulls have been used within a commercial herd, the female progeny, after inspected by the Society's Inspectors and*~~ | Kantoor |

| | |
|---|---|
